*Maandag* **29 Desember**

**Skrifgedeelte: Handelinge 1:1-11 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 1:7-11**

## Ons sekerheid van die koninkryk wat kom

Die openingsverse van Handelinge is bittersoet. Die opgestane Jesus Christus en sy dissipels is vir 'n laaste keer bymekaar. Die dissipels hunker na die herstelde koninkryk: *"Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk van Israel weer oprig?"* (vs 6).

In plaas daarvan om die dissipels met 'n datum en tyd te antwoord, rig Jesus hulle aandag eerder op hulle verwagte optrede in afwagting op die koms van die koninkryk (vs 7-8). In sy antwoord maak Jesus 'n paar belangrike dinge duidelik:

- Die Vader bepaal die tyd. Al hunker die dissipels, en gelowiges, na 'n dag, datum en tyd, herinner Jesus ons dat dit alles in sy Vader se hande is. Ons moet eerder ons tyd en kragte aanwend om ons roeping in hierdie wêreld te gehoorsaam.
- Die Heilige Gees rus ons toe. Om Christus te volg, kan nie vanuit ons eie kragte kom nie. Daarom moet ons op die krag en werking van die Heilige Gees vertrou wat ons sal toerus om daagliks in die geloof te staan.
- Jesus stuur ons uit. Die gelowige het die roeping om die evangelie van Jesus Christus wêreldwyd uit te dra. Jesus gebruik die voorbeeld van Jerusalem, Judea, Samaria en tot die einde van die aarde om te verduidelik dat almal sy evangelie moet hoor.

Nadat Jesus met hulle gepraat het, het Hy opgevaar na die hemel. Maar die hemelvaart was nie die einde nie, dit was die begin. Jesus het belowe dat ons nie alleen gelaat sal word nie, die Heilige Gees sal by ons bly om ons gereed te maak op die glorieryke dag wanneer Hy weer op die wolke sal verskyn. Daarom leef die Christen nie in onsekerheid in al die tye van die lewe nie, ons het sekerheid, want ons weet die koninkryk kom, en ons weet dat ons genadiglik daarvoor gereed sal wees. Dit moet die dryfkrag wees waarmee ons daaglik ons roeping gehoorsaam om die evangelie na die uithoeke van die aarde uit te dra.

*Sing: Psalm 145-1:8, 9, 12*

*Ds. P (Philip) Hattingh (Bloemhof/Christiana)*